 ISSN 0254-3486 = *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* **11**, no. 2 1992

Redaksioneel

Samewerking met Afrika op wetenskapsgebied

Na bykans dertig jaar van wedersydse isolasie skep die vernuwende politieke ontwikkelinge sowel in die RSA (demokratiseringsproses) as in Afrika (anti-eenparty-revolusie) die geleentheid vir wetenskaplikes van die RSA en Afrika om mekaar opnuut te leer ken en om oor samewerking te besin. Geologiese Opname van Suid-Afrika was, vanweë die feit dat geologiese formasies nie internasionale grense erken nie, in 'n unieke posisie om reeds op 'n vroeë stadium nuwe bande met eweknie-instellings te vestig. Die lokaliteitsgebondenheid van geologie, anders as in die geval van chemie, fisika of wiskunde wat universeel en nie gebiedsgebonde is nie, het ook bygedra om die wedersydse inisiatief vir noue samewerking te skep.

Na ongeveer 5 jaar van samewerking met eweknie-instellings in Afrika, begin dit tans moontlik word om 'n geheelbeeld van die riglyne vir toekomstige samewerking te definieer en om die onderskeie fasette in oënskou te neem. In hierdie artikel word enkele belangrike gesigspunte oor samewerking met Afrika op wetenskapsgebied gegee.

1. Anders as wat verwag sou word, bestaan daar in Afrika 'n besondere geesdrif en entoesiasme by wetenskaplikes en by die publiek om nouer wetenskapsbande met die RSA te smee. Trouens, hierdie entoesiasme vir samewerking word op alle terreine bespeur en word deur 'n openhartigheid en hartlikheid gekenmerk wat nie normaalweg in die Eerste Wêreld bestaan nie.
2. Tydens gesprekke, veldbesoeke en selfs beplanningsessies met wetenskaplikes in Afrika, word dit baie gou duidelik dat die kwaliteit van die wetenskaplikes baie hoog is en dat hulle meestal 'n baie goeie formele opleiding deurloop het, maar dat beroepservaring ontbreek. By verdere ondersoek word dit baie gou duidelik dat wetenskapsadministrasie, veral binne die owerheidsektor in Afrika, chaoties, ondoeltreffend en totaal ongeorganiseerd is. Terwyl regerings die aksent op opleiding plaas, word geen aandag geskenk aan die skep van 'n vermoë om wetenskap te beoefen nie. Wanneer 90% van die begroting aan salarisse bestee word en geen geld vir toerusting, voertuie, publikasies of vir enige navorsingsdienste beskikbaar is nie, dan word beroepservaring onmoontlik. Hierdie praktyk is in 'n sin die logiese gevolg van Afrika-sosialisme en dit veroorsaak 'n ongelooflike vermorsing van hoëvlakmannekrag en -kundighede en strem ekonomiese ontwikkeling in Afrika.
3. Dit is baie duidelik dat die beheptheid met hoëvlakmannekragontwikkeling, sonder om die balans tussen toepaslike opleiding en ekonomiese benutting van mannekrag te tref, vir Afrika rampspoedig is. Dit is ook voor die hand liggend dat, indien die RSA 'n bydrae tot wetenskap in Afrika wil maak, dit nie op die vlak van mannekragopleiding moet wees nie, maar veel eerder op die vestiging van 'n doeltreffende wetenskapsbestuur en op die terrein vir die skepping van geleenthede om beroepservaring by die wetenskaplikes te vestig.
4. Vanweë bogenoemde oorwegings spits Geologiese Opname hom dan ook veel eerder toe op die skepping van geleenthede om bestuurskundigheid en beroepsgeleenthede te ontwikkel.
5. Die gebruik van die Eerste Wêreld oor die laaste 30 jaar om, deur die veelvuldige hulpprogramme, van tyd tot tyd fondse in wetenskapsinstellings in te spuit en dit dan aan die instellings oor te laat om self die stimulering te bestuur, het klaaglik misluk. Die mislukking is gesetel in die gebrek aan Afrika-ervaring in die Eerste Wêreld wat nie die gebrek aan instandhouding en langtermyn-kontinuïteitsoorwegings verreken nie. Die ondervinding het geleer dat, indien die meer kontinuïteitsbestuur nie van buite gedryf word nie, dit in die algemeen nie in Afrika bestaan nie.
6. Uit die aard van die saak vereis die bestuur van kennis, veral ruimtelike verkenningsdata wat deur landswye verkenning ingesamel is, dat alle data oor 'n lang termyn verwerk, bewaar en gepubliseer moet word. Hierdie langtermynbestuur van inligting het oor die laaste 30 jaar geblyk een van die belangrikste swakhede van die Afrikalande te wees. Omdat die bestuur van ruimtelike data die belangrikste hoeksteen van bronbenutting uitmaak, is die gebrek aan kontinuïteit in die databestuur die belangrikste rede vir nie-ontwikkeling of die wanbestuur van ontwikkelingsfondse in Afrika.
7. Nadat bestaande wetenskaplike, sosio-ekonomiese en politieke aspekte van Afrika oorweeg is, en veral as die negatiewe persepsies wat daagliks in die internasionale pers (veral in Europa) bespreek word, geëvalueer is, is dit moontlik dat, met sinvolle besluitneming, Afrika wel kan ontwikkel. Die groeiende probleme van Afrika, soos eksotiese siektes, veral VIGS, korrupsie en nepotisme, verarming en dalende lewenstandaarde en die toenemende verval van infrastruktuur, kan slegs deur die wetenskap aangespreek en opgelos word. Selfs die intrinsieke probleme van Afrika, sosialisme, nie-aanvaarding van eiendomsbesit, ens. kan slegs deur sinvolle deelname van RSA-wetenskaplikes, sowel die natuur- as geesteswetenskaplikes, verander word.
8. Anders as in die RSA waar die persepsie nog onder swart gemeenskappe bestaan dat die owerhede aksies vir hulle moet onderneem en fasiliteite daar moet stel, het emosionele volwassenheid reeds by die bevolking van Afrika ingetree. Na dertig jaar van wag dat buite-instansies, veral van Europa en Amerika, aksies vir hulle moet doen, begin die besef nou ontstaan dat dit nooit sal gebeur nie. Hierdie emosionele skok van ontvoogding is in 'n groot mate die dryfveer vir hulle entoesiasme en vorm die basis vir die aandrang op veelpartydemokrasieë.
9. In die noue samewerking met Afrika het veral drie aspekte, wat altyd in kontakmaking verreken moet word, na vore getree.
   1. Die mense van Afrika is warm, hartlike en mensgerigte mense. Interpersoonlike verhoudinge is 'n hoë prioriteit en hulle benadering tot mense word die beste opgesom in die woorde van die jakkals aan die klein prinsie (*Le Petit Prince*): "Ons moet mekaar stadig mak maak."
   2. Die beheptheid met akademiese mannekragopleiding in die RSA, soos in Afrika, is die vinnigste manier om skaars bronne te verkwis. Toepaslike kundighede, afgestem op basiese gemeenskapsbehoeftes, is die enigste alternatief vir die ekonomiese verval.
   3. Dit is uiters noodsaaklik dat die RSA die standpunt moet inneem dat aksies nie vir Afrikalande gedoen word nie – hulle moet self die aksies uitvoer. Ondersteuning, ontwikkeling van bestuursvaardighede en die skep van 'n bevorderlike klimaat vir werk is 'n positiewe bydrae wat oor die lang termyn vrugte sal oplewer. Alle vorms van paternalisme, ongeduld omdat besluite sloer en die drang om maar sake in eie hande te neem omdat vordering stadig is, moet ten alle koste vermy word. Afrikatyd is nou maar langsaam, maar op die ou end werk alles tog maar reg uit.

C. FRICK